



TOOLBOX



Desember 2012

LID VAN VETERAAN MOTORVERENIGING VIR SUIDER AFRIKA (SAVVA)

Sedert Februarie 2004

Uitgawe nr 93

Dagsê Vriende

Met Kersfees om die draai is ons almal al seker in n vakansie en feesgety gemoed. Met ons laaste vergadering is die nuwe bestuur gekies vir 2013 baie geluk aan almal wat gekies is en sterkte vir die groot taak om ook van 2013 n groot sukses te maak.

Nuwe bestuur lyk soos volg:

Tertius du Preez	Voorsitter
Koos de Beer	Onder voorsitter
Hannatjie Swart	Sekretaresse
Dircolene Naude	Tesourier
Wessel Naude	Skakelbamp
Hennie Knoetze	Beskermheer

Die sub komitee-lede en verskillende poste sal deur die bestuur aangewys word en bekend gemaak word. Die komitee gaan redelik uitgebrei word en ons vra asb almal se volle ondersteuning sodat ons almal se taak vergemaklik en lekker kan saam werk.



Dit is nog n jaar wat verby is en ons het ons jaarafsluiting Saterdag, een Desember gehad met die beoordeling van die karre, enjins en trekkers by Oom Hennie en Tannie Florence. Baie dankie dat ons weer jul plek kon gebruik, ons waardeer julle gasvryheid. Baie geluk aan diegene wat pryse gekry het en met die reëlings gehelp het sodat ons die dag saam kon geniet het en die jaar op n hoogtepunt kon afsluit.





Jaarprogram

- | | |
|----------------------|--------------------|
| 10 Januarie 2013 | – Maandvergadering |
| Sal aangekondig word | – Klub byeenkoms |
| 24 Januarie 2013 | – Skou vergadering |
| 07 Februarie 2013 | – Maandvergadering |
| Sal aangekondig word | – Klub byeenkoms |
| 21 Februarie 2013 | – Skou vergadering |

SAVVA Nasionale Kalender

- | | | |
|-------------------|-------------------------------|-------------|
| 03 Februarie | – Kalk Baai Veteran Run | – Cape Town |
| 04 - 08 Februarie | – SAVVA Edwardian Veteran Run | – George |
| 09 - 10 Februarie | – George Ou Motor Skou | – George |
| 10 Februarie | – CMC Autumn Rally | – Germiston |

Gelukwensings

Verjaarsdae

Baie geluk aan die volgende lede wat gedurende Desember verjaar.
Mag julle 'n vreugdevolle en geseënde jaar hê!

- 19 Desember – Wimpie Pieters
23 Desember – Frans van Staden




Ons wens elkeen van hierdie persone sterkte toe vir die jaar wat voorlê en verseker hulle van ons deurlopende ondersteuning!

Nuwe Lede

Hartlik welkom aan Edward van den Berg wat onlangs by ons aangesluit het.
Ons vertrou dat hy sommer binnekort baie tuis sal voel.

Ooievaars-besoek

Baie geluk aan Jors en Ann wat Oupa en Ouma van 'n klein seuntjie geword het. Mag hy groot genot vir julle verskaf.



AGTER DIE STUURWIEL...

Hiermee my eerste skrywe as Voorsitter van die 2013 seisoen. Eerstens dankie aan die lede wie vertrouwe in my gehad het om hierdie klub te lei vir die volgende jaar. Hopenlik sal ek julle nie teleurstel nie, maar daarvoor het ek elkeen van julle se samewerking nodig. Ek glo en vertrou dat my mede komiteelede, van die dag-bestuur sowel as die uitgebreide bestuur, dieselfde passie en sienswyse met my deel en dat ons as span hierdie jaar die wa gaan *wheelie*. Baie dankie ook aan Dircolene, wat die Toolbox oorgeneem het. Onthou dit is iets nuuts vir haar en bied nogals 'n uitdaging. Dus gaan sy steeds op elkeen van ons se samewerking staatmaak.

En so het ons die einde van 2012 bereik. Vir ons klub was dit weereens 'n goeie jaar met 'n rekord skou, groeiende ledetal en geen erge gevegte nie. Heelwat lede het met hul gesondheid gesukkel, maar ons kan met dankbaarheid getuig dat almal nog deel van die Maluti-gesin is en baie goed aangesterk het.

Dis nou tyd om die jaar op 'n rustige noot af te sluit en Kersfees saam met geliefdes te vier. Dis ook die tyd om die innerlike batterye te herlaai vir 2013. Agter die skerms gaan reëlins egter volstroom voort vir die 2013 Maluti Cars in the Park. Die tyd loop nou vinnig uit met net meer as 2 maande voor die groot dag. Verskeie nuwe strukture in die bestuur van die klub is onlangs aangebring waarvan die skoukomitee een is. Baie meer mense gaan hierdie keer betrek word om op verskillende gebiede hul talente te gebruik en sodoende die las op almal te verlig en dit 'n skou te maak soos wat nog nooit tevore gesien is nie.

Dis dan op hierdie noot wat ek eers wil preek en iets van my gemoed af kry. Die laaste jaar was ek in die bevoorregte posisie om te kon terugstaan van klub bestuur, rustig tyd aan my projekte en stokperdjies kon spandeer en sommer net die mede lede kon dophou. Partykeer as mens met jou gesig teenaan 'n skildery staan, fokus jou oë net op 'n sekere deeltjie van die prent. Maar as mens paar tree terug gee en vanaf 'n afstand fokus, sien jy die groter skildery en sy betekenis raak.

Wat my egter opgeval het die laaste paar maande is dat lede afgunstig raak teenoor mekaar en gedurig stokke soek om mekaar mee te slaan. Dit doen afbreek aan ons samehorigheid en kameraderie. Dis ook die eerste ding wat die publiek gaan raaksien as hulle ons klub onder die vergrootglas gaan plaas. Kom ons elkeen bepaal ons by ons eie belange. In hierdie klub het ons almal een gesamentlike doelstelling en stokperdjie. Klub-politiek hoort nie hier nie. Ons is hier omdat ons die bewaring van klassieke voertuie en werktuie bevorder en ons dit vir die nageslag wil bewaar. Intussen bevorder ons die gebruik van hierdie voertuie en moet ons dit vir onself LEKKER maak. Geen lid moet voel hy word gedwing om iets te doen nie, en geen lid moet verwag om gelek en gesmeek te word om iets by te woon nie. Ons is almal gelyk aan mekaar en vriende. Geen titel of geld kan onderskeid tref tussen lede nie.

Dus wil ek 'n beroep op elkeen doen om kleinlikhede en vetes uit die verlede presies daar te los...in die verlede! Transaksies wat skeef geloop het tussen twee partye moet nie nou weer in klubgeledere 'n rol kom speel nie. Die klub was nie aanvanklik daarby betrokke nie. Moenie opspring en tekere gaan as iemand sy kar te veel *rev* na jou sin nie. Dis daardie persoon se kar, laat hy daarmee maak wat hy wil. Moenie jou kar *rev* as jy weet dit pla ander lede nie. Daars 'n tyd en plek vir alles. Moenie jou eie kar met ander vergelyk en kwaad raak as die ander een iets beters het nie. Die klub is nie 'n plek van kompetisie nie, maar samesyn. En moenie ander mense of hul voertuie sleg sê of verneder as gevolg van jaloesie nie. Dit gaan jou nie better laat lyk of enigiets in die sak bring nie. Gun elkeen sy straaltjie sonlig, daar's genoeg vir ons almal.

Ons klub het nou gegroei tot 'n multikulturele en meertalige klub. Laat ons mekaar se taal, kultuur en sienswyse respekteer. Van die bestuur se kant af gaan ons almal probeer akkommodeer en laat tuis voel. Dis nie altyd maklik of moontlik nie, so wees maar geduldig. Ons sal dit eindelik regkry.

Aanvaar asseblief die klub se wapen en reels en dra jou hemp met trots saam jou mede lede. Dis net 'n wapen, dit sal nie jou persoonlikheid of reputasie verander nie. Elkeen het immers 'n kans gehad om sy opinie te lewer tydens die ontwerp van die wapen. Daarmee wens ek nou hierdie kwessie as afgehandel te beskou!

Onthou die lewe is net 'n oogwink lank. Niemand van ons weet wat die toekoms en 2013 inhou nie. Indien die dag van more dalk nie aanbreek nie, moet ons nie spyt wees oor dinge wat ons vir mekaar gesê of toegesnou het nie, maar eerder dankbaar wees vir die kosbare tyd wat ons in mekaar se geselskap kon deurbring. Want op die uiteinde is dit net die herinneringe wat ons oor hou!

Soos die geskiedenis al baie bewys het, faal 'n gemeenskap wat verdeeld is altyd. Wanneer hulle saamstaan is die kans op sukses baie beter. Sukses is 'n keuse! Laat die verandering wat jy in ander wil sien, by jouself begin. Want dan is ek verseker dat ons saam hierdie klub gaan uitbou in 2013 tot 'n model van 'n klub waar elkeen sy stokperdjie en liefde vir die sport sal kan uiteleef. En dat dit vir almal LEKKER sal wees om klub byeenkomste by te woon en ontvlugting van die daaglikse stres sal bied.

Geniet die Kersgety en mag elkeen van u God's rykste seën ook beleef. Vir die wat gelukkig genoeg is om weg te gaan met vakansie, ry veilig en kom asb lewend by u bestemming aan. Hou matigheid voor oë. 'n Voorspoedige Nuwejaar word u elkeen toegewens.

Tot volgende jaar...
Tertius

Why men shouldn't write advice columns

Dear John,

I hope you can help me. The other day, I set off for work, leaving my husband in the house watching TV. My car stalled, and then it broke down about a mile down the road, and I had to walk back to get my husband's help. When I got home, I couldn't believe my eyes. He was in our bedroom with the neighbor's daughter!

I am 32, my husband is 34 and the neighbor's daughter is 19. We have been married for 10 years. When I confronted him, he broke down and admitted they had been having an affair for the past six months. He won't go to counseling, and I'm afraid I am a wreck and need advice urgently. Can you please help?

Sincerely, Sheila

Dear Sheila,

A car stalling after being driven a short distance can be caused by a variety of faults with the engine. Start by checking that there is no debris in the fuel line. If it is clear, check the vacuum pipes and hoses on the intake manifold and also check all grounding wires. If none of these approaches solves the problem, it could be that the fuel pump itself is faulty, causing low delivery pressure to the injectors.

I hope this helps,
John

— Forwarded by Steve Sanderson,
Gilbert, S.C.

Kan julle nog onthou?
Ingestuur deur Koos






Hou dop vir nog meer in vlg uitgawe!



First Valiant made in the Pretoria plant - 53,160rd Valiant made in South Africa (Chrysler photo at allpar.com via Hans Ensing)



An engineer's engineer

Anybody who has any sense of the dedication to a job done to the nearest level of perfection, who sees beauty in such purism of craftsmanship, who can appreciate the dedication and love of a person for such an impeccable job, who can relate to the ability of a single person to do what Lou has done with after years of dedication, all these people must applaud Mr. Louis Chenot for having accomplished such a task.

A miniature functioning replica 1932 Duesenberg by Louis Chenot

No, it's not a real full-size Duesenberg, but rather a beautifully constructed 35" long working model made in 1/6 scale.


Louis Chenot has spent the past ten years building this incredibly detailed 1932 SJ Duesenberg LaGrande dual-cowl phaeton. Not only does it look good, but the engine runs, the lights work, the top mechanism functions and the transmission and driveline are complete. Lou started his research on this project over fifty years ago with the purchase of a book and through the following years collected many drawings and studied a number of Duesenbergs while they were being restored, taking photos and recording dimensions.



Here's a shot of the finished car from the side on its specially made display table. The model weighs about 60 pounds.

Lou's 40 year career was spent as a mechanical engineer. In the 1960's he spent 7 years restoring a vintage 1930 Cadillac convertible that was on the show circuit for years, but now he prefers to work on smaller projects in the comfort of his home shop.

The bodywork is all metal, not fibreglass. Here is the car in Lou's shop before the brass coachwork was primed or painted. Lou is not adverse to remaking a part that doesn't meet his standards. He started over on the especially difficult brass radiator shell nine times.



Most running models are built at larger scales like 1/3 or 1/4. Working in the smaller 1/6 scale magnifies the problems caused by miniaturizing certain parts. Remember that these scale parts are 1/6 as long, 1/6 as high and 1/6 as deep as real parts, making them $1/6 \times 1/6 \times 1/6$ or 1/216th the volume of the original part. By comparison, a 1/3 scale model is 1/27th the volume and a 1/4 scale model is 1/64th the volume. Further complicating the prospect of building a running engine at that size is the fact that fuel molecules and electricity don't scale. It is very difficult to get tiny carburetors and little spark plugs to work like the big ones.

Inside the straight eight engine are all the correct parts custom machined to scale from steel, cast iron and aluminum. Here we see the block and crankshaft at the top. Arrayed below the block are the cast iron cylinder sleeves, pistons, wrist pins and assembled connecting rods.

Even though there would be no way to tell once it is all assembled, the cylinder head shows that Lou didn't cheat. The engine has 4 valves per cylinder--32 total--just like the real one.


Here is the head (before painting) with the camshafts in place--there are 16 lobes on each shaft. (The apparent curve of the upper shaft is caused by the camera's wide angle lens.)



The gears inside the differential will never be seen by anyone, but Lou cut them as actual hypoid gears like the real one rather than machining simpler bevel gears.



The complicated convertible top mechanism is shown in the lowered position before the canvas top material was installed. Louis Chenot (Left) and Joe Martin (Right) inspect progress on the chassis and engine at the NAMES show in Detroit in 2007.



Lou was presented with a special Lifetime Achievement award by the <http://www.craftsmanshipmuseum.com/> in 2009. The model was nearing completion but the engine had not yet run. Now that the engine runs and the model is completed, Lou has been selected as the foundation's "Metalworking Craftsman of the Year." The award includes an engraved award medallion and a check for \$2000.00. Lou is the 15th person to receive this coveted annual award. Because it is likely that this could well be the finest running model car ever built in this small a scale, Lou's award this year will be presented as the "Craftsman of the Decade."



SAVVA Technical Tip 67 - Waterless radiator chemicals

As you are aware it's not our policy to promote any particular product but in this case we believe this particular product should be brought to the attention of car owners, especially those with valuable cars that have engine components that can/ will deteriorate with time. This product could also be an inexpensive solution for cars that have continuous corrosion problems. Basically it is a liquid coolant that replaces radiator water.

The product is manufactured in the U.S. by a company called Evans who have been manufacturing coolants for over 25 years for specialised purposes. The coolant is called Evans Non-aqueous Propylene Glycol (NPG). It has an efficiency that is considerably higher than conventional coolants and has a boiling/vaporisation point considerably higher than convention water-based coolants. It has a boiling point of 191 degrees c.

To quote an extract from their brochure:

'Water when heated drives off a significant proportion of dissolved oxygen, but as it cools reabsorbs fresh oxygen. This cycle leads to a perpetual cycle of corrosion, which is accentuated in classic vehicles with no expansion chamber. NPG on the other hand is non-toxic, non-corrosive, and operates with zero pressure.'

It was interesting to note that collector Jay Lenno who owns a massive collection of valuable cars uses it exclusively in his collector cars. For further information about this product go to "Evans Coolant Systems" on the internet.

The product is available from KC Saayman at:
info@theclassiccar.co.za
www.theclassiccar.co.za
or call KC on 083 645 1604

